SLINGERVEL

Junie/Julie 2017

Christelike maandblad vir die jeug

Slingervel, Jaargang 58
Nommer 989, Junie/Julie 2017

As julle enige vrae het, iets wat jy nie verstaan nie, of oor iets wat in die Slingervel geskryf is, meer wil weet, is julle baie welkom om vir my

- ´n sms te stuur of te whatsapp na 084 551 2107,
- of ´n e-pos te stuur na slingervel@gksa.co.za,
- of ´n brief te stuur na Posbus 88, Bloemhof 2660

in hierdie uitgawe ...

3 Redakteursbrief
4 Verjaardaghoekie Junie
8 Susanna die slavin (1)
10 Daniël 2 – Blokkiesraaisel
12 Doolhof – Genesis 24
14 Die kuier by Oupa en Ouma
16 Waar om vir grondwater te boor (2)
18 Reformasie 1550
20 Verjaardaghoekie Julie
23 Doolhof – Oplossing
24 Susanna die slavin (2)
26 Daniël 2 – Woordsoek
27 Inkleurprent – Genesis 24
28 Blokkiesraaisel – Oplossing
Woordsoek – Oplossing
29 Fokus: Breëkoparend
30 Wat kan ek lees?
32 Wat kan ek doen? Ontbytnessies

REDAKTEUR
Dr. Hennie van Wyk
e-pos: hennie@gksa.co.za

Tipografie en uitleg
Joey Fourie
e-pos: kerkblad@gksa.co.za

MEDEWERKERS
Riana Jonker
Susan Lourens
Oom Hennie
Oom Attie Venter
Ina Gouws

Eienaars en uitgewers
Deputate vir Kerklike Tydskrifte
Gereformeerde Kerke in Suid-Afrika
Posbus 20008, Noordbrug 2522

Drukkers
V & R Drukkery
Tel. 012 333 2462

Intekening
Administratiewe Buro
Afdeling Publikasies
Posbus 20008, Noordbrug 2522
Tel: 018 297 3986

Intekengeld
R255,00 per jaar
(posgeld en BTW ingesluit)
(Sien die intekenvorm op bl. 8 vir meer inligting oor intekengeld.)

Die Redakteur
Bydraes en briewe
Posbus 20008
Noordbrug, 2522

Jaargang 58,
Nommer 989,
Junie/Julie 2017
ISSN 0037 685 X

Redakteursbrief

Dagsê Vellies

En nou is dit winter. Moontlik is julle al besig met eksamens, maar ons weet mos wat kom ná die eksamens: 'n heerlike vakansie! Daarom het ons weer 'n dubbele uitgawe – dikker as gewoonlik met 'n klompie ekstra dingetjies om julle mee besig te hou.

Die lekkerste vir my was die deel oor die Reformasie. Ek is nogal baie lief vir Geografie – en ek het vir julle bietjie geskryf oor hoe die Reformasie oor Europa versprei het.

Die meeste van ons voorvaders kom uit die Nederlande en Frankyk – waar Calvyn in sy boeke die mense teruggelei het na die Bybel, en geleer het dat ons die Here moet dien soos Hy in die Bybel voorskryf.

As julle wil weet wat Calvyn geskryf het, is dit miskien nog vir julle bietjie moeilik om die boeke wat hy self geskryf het, te verstaan. Maar dit wat hy geskryf het, is deur ander mense bestudeer en verwerk, en so het ons ons drie Belydenisskrifte gekry: die Nederlandse Geloofsbelydenis, Heidelbergse Kategismus en die Dordtse Leerreëls – wat julle mos ken!

Nou weet ons daar is verskriklik baie kerke in Suid-Afrika. Meer as 3 000! Wie is reg? Daar is net een manier waarop ons 'n kerk kan toets: die Bybel. Dis egter nie maklik nie, omdat ons die Bybel verskillend kan verstaan. Wat 'n kerk glo, moet uit die Bybel kom. Elke vers in die Bybel moet in ag geneem word sodat dit wat op een plek in die Bybel staan, nie deur 'n ander teks weerspreek word nie.

'n Vorige redakteur van *Slingervel*, oom Pieter (prof. PW Buys) het gesê: *Die Bybel is soos 'n blom: die spinnekop kry sy gif daaruit en die by sy heuning*. Ons kan die Bybel verkeerd lees en gebruik, dan is dit die gif van die spinnekop; of reg lees en gebruik, dan is dit die heuning van die by.

Terug na Calvyn en ons Belydenisskrifte. As julle in die Psalmboek kyk na ons Belydenisskrifte, sal julle sien dat dit wat ons glo, uit die Bybel kom. Kyk net hoeveel aanhalings is daar uit die Bybel – meer as 2 500! Ons Belydenisskrifte is baie oud (die jongste amper 400 jaar). Wat baie belangrik is, is dat niemand nog uit die Bybel kan bewys dat ons Belydenisskrifte verkeerd is nie. Hulle kan sê dat hulle nie saamstem nie, of dat hulle die Bybel anders verstaan – maar hulle kan dit nie verkeerd bewys nie.

Maats, ons belydenis is uit die Bybel en sê niks anders as die Bybel nie. Daarom kan ons dankie sê aan Maarten Luther wat die wêreld wakker geskud het en gesê het dat ons weer moet Bybel lees. Dankie aan Johannes Calvyn wat so mooi en deeglik die Bybel gelees het en daardie kennis neergeskryf het, sodat ons kan weet: Wat ons glo, is wat God sê.

Geniet die wintervakansie!

Oom Hennie

Reformasie 1550

Maats,

Julle sal onthou dat ek geskryf het dat die woord "Reformasie" uit twee Latynse woorde bestaan: "Re" wat "weer" beteken, en "forma" wat "vorm" beteken. Die Reformasie wou weer die kerk vorm soos God dit bedoel het, nie soos die mense – die Rooms-Katolieke Kerk – dit gemaak het nie.

In die jaar 1520 was daar basies drie groot kerke:

- In Wes-Europa die Rooms-Katolieke Kerk.
- In Oos-Europa die Grieks-Ortodokse Kerk (die Ortodokse kerke en die Rooms-Katolieke Kerk het in 1504 geskei oor die vraag of die Heilige Gees ook deur Jesus gestuur word).
- In die Arabiese lande en Noord-Afrika die Islam.

Toe Maarten Luther in 1517 sy 95 stellings teen die kerkdeur van Wittenberg vasgespyker het, het hy nie 'n eie kerk gestig nie. Hy het net gevra dat die kerk, die Rooms-Katolieke Kerk, na die Bybelse waarhede terugkeer.

Die hartseer is dat die Rooms-Katolieke Kerk glad nie daarin belanggestel het nie! Hulle het Luther uit die kerk verban en wou hom doodmaak. Dit was eers in 1521 dat die Lutherse Kerk ontstaan het.

In die volgende 30 jaar het mense oral Luther se werke gelees en veral weer begin om die Bybel te bestudeer. Nie almal het met Luther saamgestem nie, en het ander afleidings uit die Bybel gemaak.

Ons moet ook onthou dat die konings en keisers 'n baie groot invloed op die Reformasie gehad het. In die Maart-uitgawe het ek geskryf oor Hendrik VIII wat as koning van Engeland met die Rooms-Katolieke Kerk gebreek het. So het keiser Frederik Luther teen die Katolieke vervolging beskerm. Baie keer is die Reformasie deur die regering van 'n land aangemoedig of verhoed.

Ek het 'n interessante kaart op die Internet gekry (https://hbdchick.wordpress.com/tag/protestant-reformation/). Hier word aangedui hoe die godsdienste in die verskillende lande in die jaar 1550 gelyk het. Lees nou 'n kort opsomming van die Reformasie en vul op die kaart in watter kleur watter denke/kerke voorstel.
(Die oplossing is op bl. 19)

In die jaar 630 nC begin die Islam uitbrei. Hulle het klein raakpunte met Genesis, maar het ’n eie heilige boek – die Koran. Hulle begin met die heilige oorlog (soos hulle dit noem), en in hierdie oorlog is die keuse van die mens: Glo in die Islam of word doodgemaak. So word Afrika, die Midde-Ooste en groot dele van Oos-Europa met die swaard tot die Islamgeloof “bekeer”.

Ons het gesien dat in Engeland die Anglikaanse Kerk onder Hendrik VIII ontstaan het. In wese was en is hulle sterk Katoliek, maar die koning(in) is die hoof van die kerk, nie die pous nie.

Die grootste deel van Europa het Rooms gebly. In ander dele het die Reformasie wel gemeentes gestig, maar selde het ’n hele land tot die Reformasie oorgegaan.

Luther het baie groot aanhang in Duitsland (sy geboorteland) gekry, en ook in die noordelike dele van Europa en die Skandinawiese eilande.

Johannes Calvyn het reuse werk in die Reformasie gedoen. Hy het ’n baie deeglike studie van die Bybel gemaak, en dit wat hy geglo het in ’n boek neergeskryf wat ons vandag as die *Institusie van Calvyn* ken. Hierdie boek bestaan uit vier dele:

- Ons kennis van God die Vader en die skepping;
- Ons kennis van Christus die Verlosser;
- Ons kennis van die genade van God in Christus; en
- Die hulpmiddels waardeur God ons roep (kerk, sakramente, ens.).

Calvyn het hoofsaaklik in twee lande gewerk: Frankryk (sy geboorteland) en Switserland. Hierdie boeke is egter wêreldwyd gelees en daar was verskeie mense wat besef het dat dit wat Calvyn geskryf het, God se woord is. Hulle het dit dan gepreek.

Die Here het die volgende manne in verskillende lande gebruik:

- In Skotland is die Reformasie deur John Knox in beweging gebring. Skotland was toe nog ’n aparte koninkryk. Knox het die Calvinisme gepreek. Later het die koning van Skotland, Jakobus, die vertaling van die Bybel in Engels beveel – wat vandag nog gebruik word as die *King James Version of the Bible* (1611).
- In Switserland het Ulrich Zwingli die Reformasie begin. Zwingli het Bybelstudie van gewone lidmate baie sterk aangemoedig. Daar was egter van sy leerlinge wat gevoel het dat hy nog Rooms dink as hy preek dat kindertjies gedoop moet word. Hulle het toe uit die Nuwe Testament alleen tot die gevolgtrekking gekom dat ’n mens net as jy groot is, gedoop moet word, en het mense wat as babatjies gedoop is, weer gedoop. So het hulle die naam *Anabaptiste* gekry, wat letterlik “weer dopers” beteken.
- In Bohemië en Morawië was daar ’n groep manne wat Johannes Hus nagevolg het en daar ’n eie kerk gestig het. SV

Tannie Susan

Wat kan ek lees?

Watt, Fiona. 2016. *Protea se buitenste ruimte plakkerboek*. Geïllustreer deur Paul Nicholls. Pretoria: Protea Boekhuis. [34 p., asook 10 p. plakkers]. Prys: R120,00. ISBN: 978-1-4853-0736-5.

Hierdie interaktiewe prenteboek beloof om ure se pret vir lesers vanaf 5 jaar en ouer te verskaf. 'n Hele aantal onderwerpe word kortliks bespreek en geïllustreer, soos 'n bekendstelling aan die buitenste ruimte en sy inhoud van sterre en planete; 'n bietjie ruimtevaartsgeskiedenis; wat ruimtereisigers se opleiding behels; hoe 'n ruimtetuig lyk en gelanseer word; en hoe 'n ruimtestasie of maanbasis lyk; en nog vele meer.

Vir elke bladsy is daar agterin die boek 'n plakkervel met 'n totaal van meer as 250 plakkers waarmee die teksbladsye voltooi en versier kan word. Nuuskierige en potensiële ruimtevaarders sal hierdie plakkerboek terdeë geniet en baie leersaam vind.

In die persaankondiging word gestel: "Dit is 'n kreatiewe en opwindende boek van die Britse uitgewershuis Usborne wat Protea Boekhuis in Afrikaans vertaal en aan 'n Suid-Afrikaans mark bekendstel."



Donaldson, Julia. 2016. *Vos se sokkies.* Illustrasies deur Axel Scheffler en rymvertaling deur Philip de Vos. Pretoria: Protea Boekhuis. Prys: R130,00. ISBN: 978-1-4853-0712-9. (Stories uit die Eikewoud-reeks.)

Vos wil aantrek, maar sy sokkies is weg. Hy voel mistroostig en kry koud en soek oral na sy sokkies. Op elke plek wat hy soek, vind hy gelukkig 'n kledingstuk wat hy kan aantrek. So word hy gelukkig warmer – maar sy voete bly egter koud! Sal hy ooit sy sokkies weer kry?

Hierdie kartonprenteboek sal baie pret en die plesier van saamontdek aan jong lesertjies verskaf. Saam met Vos kan hulle opgewonde raak oor elke vonds en sien hoe Vos se uitrusting vir die dag begin vorm aanneem.

Die kleurillustrasies en oplig-flappies dra by tot groot genot en ure se pret!



Beyers-Boshoff, C.F. 2016. *Jasper die atleet.* 2e uitg. Pretoria: Protea Boekhuis. 95 p. Prys 125,00. ISBN: 978-1-4853-0384-8. (Jasper-reeks, 6.)

Toe die nuwe atletiekseisoen begin, was Jasper vuur en vlam om groot hoogtes te bereik. Hy wou hard oefen om vir die span gekies te word wat in Kaapstad teen ander provinsies sou meeding. Daar was egter iets wat sy droom kon kelder – die feit dat hy nie spykerskoene besit het nie!

Hy en die Viermanskap het allerlei planne gemaak, soms amper met rampspoedige gevolge, maar sonder sukses op spykerskoene! Gelukkig het Jasper se oom Louis in die prentjie gekom om met planne en afrigting te help. Hy was immers op sy dag 'n Springbokatleet!

Lees hierdie spannende aflewering in die reeks om ook die spanning te

ervaar om te sien of Jasper wel sy droom gaan verwesenlik en ook hoe hy in die nasionale kompetisie sou vaar. Die reeks behoort jong lesers, veral seuns, nog steeds te boei net soos dit in hulle ouers se jongdae hulle vir ure aan die lees en geïnteresseerd kon hou. Kom, word deel van die opwindende Jasper-leserskring!

Jacobs Jaco & Viljoen, Fanie (samests.). 2016. *Die wonderwêreld van roofdiere.* Pretoria: LAPA-Uitgewers. 48 p. Prys: R60,00. ISBN: 978 0 7993-7898 6. (Hoezit!-reeks.)



In hierdie interessante feiteboek met sy duidelike kleurfoto's word 'n magdom interessante feite oor 'n groot verskeidenheid roofdiere gegee. Die feite word kripties en boeiend aangebied en sal lesers se belangstelling prikkel om meer oor die onderskeie roofdiere op te lees. Sommige van die roofdiere waaroor inligting verskaf word, is landdiere soos leeus, luiperds, rooikatte en die oselot, tiere en jagluiperds. Daar is ook talle see- en waterdiere soos haaie, tiervisse, payara's en pirannas. Roofdiere sluit ook 'n magdom roofvoëls (arende, uile en nog meer), asook spinnekoppe, kewers, skerpioene, krokodille en slange in.

Die voedselketting word op 'n eenvoudige wyse verduidelik en interessante gedrag, kamoeflering, sintuie en aanvalswapens van die verskeie roofiere word boeiende meegedeel. Tussendeur is allerlei vet pret-aksies in die vorm van aktiwiteitsblaaie met speletjies en kopkrappers ingevleg.

Soos die ander boeke in die Hoezit!-reeks word ook hierdie aflewering boeiend en met humoristiese taalgebruik in die kenmerkende Jaco Jacobs en Fanie Viljoen-styl aangebied. Op die agterblad word die volgende lokvrae gestel: *Hoeveel tande het 'n witdoodshaai?*; *Hoe kry uile dit reg om snags hul prooi te jag?*; *Wie spog met die kragtigste kake in die diereryk?* en *Watter roofvoël kan so vinnig soos 'n Formule 1-renmotor op sy prooi afpyl?*"

Schmidt, Annie M.G. 2016. Jip en Janneke. Illustrasies deur Fiep Westendorp & uit Nederlands vertaal deur Amelia de Vaal. Pretoria: Protea Boekhuis. 352 p. Prys: R295,00. ISBN: 978-1-4853-0227-8.



Jip en Janneke is twee skattige kleuters – hulle is bure, beste maats, baklei soms, maar meestal doen hulle pretdinge en kattekwaad saam. Jenneke het 'n kat, Siepie, wat elke dan en wan kleintjies kry en waaroor albei gaande is. Janneke se pop, Poppejans, is dikwels die onderwerp van menige van hulle speletjies en avonture. Daar is natuurlik ook nog Takkie, hulle gesamentlike worshondjie, waaroor albei gek is.

In hierdie omnibus van Annie M.G. Schmidt se Jip en Janneke-stories leer die lesers die karaktertjies behoorlik ken en hulle klim diep in 'n mens se hart in. Die twee het 'n ryk verbeelding en kan gewone meubels in 'n vliegtuig, 'n boot, 'n sirkustent of enigiets anders omskep.

Hulle is ook planmakers – om genoeg geld vir 'n verjaardagpresent te kry, om saam na Sinterklaas te gaan soek, of om vir mekaar verrassingskaartjies uit te soek en te pos. Aan hulle vindingrykheid is daar geen einde nie.

Lesers, oud en jonk, sal die verhaaltjies in die omnibus baie geniet en skaterlag oor al hulle mannewales en kaskenades. Jip en Janneke-verhale is baie geliefd in Nederland. Die Afrikaanse vertaling is egter uitstekend gedoen en die feit dat die kultuur effens anders is as dié van die Afrikaanse lesers, pla geensins.

Hierdie omnibus is ideaal vir voorlees, selflees en herlees en sal gou 'n gunsteling in kinders se boekery word. Die eenvoudige ikoniese swart en wit illustrasies is treffend en help om die humor in die stories te verhoog. SV